


# DIE BASOETO EN SY MUSIEK



IT sal miskien onjuis wees om te sê dat die Basoeto's musikaal is, want hul liedjies is maar eentonig en daar is maar min musiek in. Maar dan moet ons nie uit die oog verloor dat ons geneig is om te dink aan 'n vals mondfluitjie of 'n konsertina met twee note as ons van naturellemusiek hoor nie. Ek kan darem dit sê, dat die egte Basoeto die eentonige gekerm van 'n konsertina net so walglik vind as die beskaafde blanke.

Maar oordeel ons weer volgens die kuns van die skoolmeidjies, of waar 'n aantal van die ouer Kaffers besig is met werk en mekaar „khatatsa” (aanmoedig) met die sing van liedere, dan staan ons verstom en kan ons net sê dat dit pragtig is. Gaan ons weer na hul kerk, dan vind ons dat elke gehoor in elke kerk soos 'n ge oefende koor sing; en ons beskaafdes met ons spesiale sanglesse staan beskaamd en verwonderd dat 'n mensestem so veel gevoel, soveel musiek kan vertolk.

Maar iemand het aan my gesê: „Dit is omdat die Basoeto se taal so soet en vloeiend is, daarom sing hulle so mooi. Daar is geen inspanning om reg te doen aan die uitspraak nie. Alle kragte is daar vir die vertolking van die melodie.” Dit skyn nogal of daar heelwat waarheid in hierdie bewering skuil. Dit sal miskien van pas wees as ek hier 'n versie in Sesoeto laat volg. Vergelyk dit met die Hollands of Afrikaans en let op hoe in Sesoeto die een woord in die ander smelt. Dit is die eerste vers van „Welk 'n Vriend is onze Jesus”:

„Litaba tse u imalang,  
Tsohle life le life,  
Ho Morèna ea u ratang  
Li Khofile kapele.  
Ha u patetsoe ke lillo,  
U ferekane peto,  
Masuabie, Lipelaelo,  
Li rolele ho yesa.

Tussen hakies, „li” word as „di” uitgespreek. So word „life” b.v. uitgespreek as „diefie.”

Ek weet net van vier instrumente wat eie is aan die Basoeto.

Daar is die „murupa.” Dit is 'n soort trommel wat van 'n spesiaal gevormde kleipot of 'n uitgeholde stomp hout en 'n kalfvel gemaak word. Die kalfvel word mooi uitgeveles met 'n „phalo” en styf oor die bek van die kleipot gespan en so vasgemaak. Dit is die musiekinstrument van die „bale” of skoolmeidjies, en van sonder tot sonop moet in die stroois waar hulle slaap 'n vuur brand en moet die *murupa* se gedempte gedreun aan die gang gehou word. Hulle slaap en bespeel die murupa beurtelings.

Dan is daar die „lekope,” wat ook 'n instrument vir die vroue is. Dit bestaan uit 'n fluitjiesriet van omtrent twee voet lank, bespan met een snaar wat van perdestertare gemaak is. Die musikus hou die een punt tussen haar lippe, met die duim van die een hand word die snaar vasgedruk teen die riet, al na gelang van die toon wat verlang word. Dit gepaard met die groter en kleiner maak van die lugholte in die mond laat 'n taamlike verskeidenheid van note toe. Die „lekope” word bespeel met 'n stukkie gras — ook 'n spesiale soort gras.

Die mans het ook twee instrumente. Die „setontole” is gemaak van 'n stuk hout van 'n sekere boom, „munkhoane,” en die stuk hout moet omtrent vyftien tot agtien duim lank wees en omtrent een-en-n-kwart duim in deursnee. In die twee ente is twee gate ingebrand, skaars anderhalf duim diep, en in die twee gate word twee gebuigde stukkie hout van die „kholitsana”-boom gesteek, elkeen omtrent nege duim lank en sowat 'n half-duim in deursnee.

Die „kholitsana” is 'n besonder veerkragtige en sterk soort hout wat sy veerkrag behou al is hy ook kurkdroog. Die instrument word nou bespan met 'n enkele kopersnaar, en èrens aan die dik stuk hout is 'n gevlegte seningdraad vas. Die

Deur B.C.

snaar word daarmee aangetrek, sodat dit in twee ongelyke dele verdeel is en dus twee standaardnote het.

As die setontolo bespeel word, word die een ent van die dik stuk hout ook tussen die lippe gehou, en die wysvinger druk teen die seningdraad. Dan word die snaar bespeel soos 'n Dawidsharp.

Ai, maar hier kom musiek uit, en die kunstenaar het gewoonlik twee harde eelte op sy regterhand se duim en wysvinger. 'n Mens moet hoor om te kan besef dat sulke musiek uit so 'n eenvoudige instrument kan kom.

Maar ongelukkig is die instrument en sy meesters aan die uitsterf. Dit is die liefkoosde instrument van die daggaroker, en nou dat daggarokery so streng beveg word, rook almal skelm, en die setontolo-spelers sterf uit. Waarom die an-



## HET JY LIEFDE?

HET jy liefde, Lina,  
of is jy nog kind?  
Was jou suiwer hartjie  
dan nog nooit gebind?  
Dwaal jou hartjie, Lina,  
ewig, soos die wind?  
Lina, het jy liefde,  
liewe blou-oog-kind?

Ook die windjie, Lina,  
word soms vasgebind.  
Ook die kinderhartjies  
sal hul liefde vind;  
eendag, sonder draling  
kom 'n somertint  
en verkleur hul lewens . . .  
dit is *Liefde*, kind!

P. W. BOTHA



der nie die setontolo in gebruik hou nie, weet ek nie; maar dit lyk asof goedkoop grammofone, vals fluitjies en sulke goed hul deel bydra om die doodsklok van die setontolo te lui.

Laaste op die lys, maar waarskynlik die vernaaamste instrument, is die „lesiba” of „goerra,” soos ons dit noem.

Die Kaffer neem 'n reguit stuk hout, omtrent 'n duim en 'n kwart in deursnee en drie voet lank. Sowat 'n duim van die een punt af word 'n gaatjie van 'n kwartduim reghoekig deurgemaak, 'n pennetjie word gesny wat net in die gaatjie pas en sowat een-sestiende van 'n duim verby staan.

Nou word 'n tou van sening gedraai, 'n taak wat alleen deur deskundiges verrig kan word. Verder neem hulle die vlerkveer van 'n swartkraai. Die skag word mooi reggesny in 'n spesiale vorm en 'n netjiese gaatjie word deur hom gemaak. Nou word die veer reghoekig omgebui, 'n paar dae in dié posisie vasgemaak om die vorm aan te neem, en nou word die instrument aanmeekaar gesit.

Die seningsnaar word netjies in die gaatjie van die veer vasgemaak. Die pennetjie word sorgvuldig middeldeer gekloof, en die een punt van die veer kom tussen die twee stukkie in, en die hele boel kom sorgvuldig in die gaatjie terug. Nou

word die snaar gespan en die ander punt styf om die stok se punt vasgedraai. Dan is die instrument voltooi.

Die musikant hou die veer tussen sy lippe, en deur sy aam op te trek, veroorsaak hy 'n hewige trilling en 'n harde geluid. Daar is baie Basoeto's wat die „lesiba” kan bespeel, maar daar is min meesters in die kuns, en dit is die moeite werd om 'n meester te hoor.

Die lesiba is die musiek van die beeswagter, en dit is wonderlik om te sien hoe die beste die lesiba leer ken. Die beeswagters in Basoetoland jaag nooit beeste aan nie; hulle loop vooruit, op 'n stywe drafstap as hulle op nou plekke tussen lande kom, en die beste sal nooit verbyhardloop nie, maar hulle volg die lesibaspeler en bly altyd op sy hakke.

By die weiveld aangekom word die lesiba weggesit en die wagters speel met klei-osse tot vanaand. As die son begin water trek, soos die ou mense sê, dan neem hulle die lesiba op en begin speel. Dadelik kyk die beste op en begin bulk. Nie lank nie of hulle kom stert in die lug na die speler, waarop die tog huis-toe aanvaar word. Die beste volg hul wagter tot binne in die kraal.

Onlangs het ek iets byna ongeloofliks gesien. 'n Buurman het 'n aantal osse op 'n vendusie gekoop, waaronder enige osse uit Basoetoland. Enige dae nadat hy die osse tuis gebring het, kom daar een aand 'n Kaffertjie gekleed in 'n velkombers en gewapen met 'n lesiba op die plaas aan om werk te soek. Ek vra die skepseltjie om vir ons te speel, en toe hy begin speel, begin al die Basoeto-osse kreun en al nader aan die spelertjie kom. Jy kon vuur in elke os se oë sien, terwyl die ander beste en osse geen notisie van die hele ding geneem het nie.

Dis haas onnodig om te sê dat die lesiba-spelertjie nou koning van die beeswagters by my buurman is; en al die ander beste begin al gehoor gee aan die musiek van die goerra!

Wat volksliedere betref, is daar duisende. Elke hoofman het sy stamlid of „mukorotlo,” en die „mukorotlo” is meestal net 'n aaneenskakeling van lofliedere op die hoofman. Elke individu het ook sy eie lied, wat ook net uit loftuigings op die betrokke persoon bestaan. Deur die sing van die liedere kom daar dikwels struweling. Die hoorders kritiseer wat in die lied gesê word, die sanger voel beleedig en daar het jy die poppe aan die dans! Maar ook in hierdie liedere skuil daar meestal musiek.

## DIE DERDE HAND VAN DIE DUIWEL.

(Vervolg van bladsy 39.)

Ds. Kloppers: Dit lyk my sommige mense meen dat die Duisendjarige Vredesryk 'n Duisendjarige Vretersryk moet wees. Meen u nie dat dit verstandiger is dat ons leer om die hande wat ons het, beter te gebruik as om te strewe na die derde hand van die duiwel nie?

Kapt. Thesen: Maar wie moet ons dit leer? Daar was nooit veel belangstelling in die ontwikkeling van hierdie kosbare bate van die kant van die beroep met die griewe nie.

Ds. Kloppers: Bedoel u die onderwysers?

Kapt. Thesen: Wie anders?

Ds. Kloppers: U mag nie spot met hul griewe nie. Dit is vir die broeders 'n onderwerp van ernstige studie en ywerige navorsing. Daar gaan nooit 'n jaar om dat hulle nie 'n nuwe ontdek nie.

Kapt. Thesen: Ek wil nie spot met wat ander mense dierbaar is nie. Wat ek bedoel is dat 'n nuwe hand, omdat dit nuut is, miskien uiteindelik die belangstelling sal kry wat in die geval van die ouere ontbreek.

Ds. Kloppers: Meen u dit sal?

Kapt. Thesen: Dit is ons enigste hoop. Hoe gaan dit vandag? Aan huis leer jy 'n mes, 'n vork en 'n lepel hanteer, op skool 'n pen, en aan die universiteit 'n kurktrekker. En daarmee moet jy die lewe in.